

26 Desember

Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:1-9
Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:6-7

Ons geloof is kosbaarder as goud

Om goud wat uit 'n myn gehaal word, suiwer te kry, word dit uitermate warm gemaak. Dit word gelouter, dan skei al die onsuiverhede af en net die suiwer goud bly oor.

Ons geloof is vir God soos goud – ja, kosbaarder as goud. En daarom louter die Here ons geloof ook. Hy bring allerlei beproewings op ons pad om die egtheid van ons geloof te toets. Wanneer jy dus met die dood van 'n dierbare of ernstige siekte of 'n groot finansiële terugslag te doen kry, het dit 'n plek in God se raadsplan. Hy is besig om jou geloof te suiwer sodat jy net dít sal glo wat werklik saak maak. En dit is: Jesus Christus het vir al jou sondes gesterf. Hy is jou Herder wat vir jou deur al die stampe en stote van die lewe só sorg dat jy niks kortkom nie. Hy gee vir jou die ewige lewe. Hy beskik alle dinge só dat dit vir jou die beste is – al verstaan jy nie sy optrede nie en al wil jy dit soms graag anders hê. Die rede waarom die Here ons geloof eg en suiwer wil hê, is sodat dit “lof en heerlijkheid en eer waardig mag wees by die wederkoms van Jesus Christus” (vs 7). In Jakobus 1:2-4 leer die Here ons: “Julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom, want, soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard. En die volharding moet end-uit volgehou word sodat julle tot volle geestelike rypheid kan kom, sonder enige tekortkoming.”

God “werk” nou aan jou geloof met die oog op die toekoms – spesifiek die wederkoms van Christus. Jy moet só naby aan die Here lewe dat jy enige oomblik gereed is om Jesus te ontmoet wanneer Hy terugkom. Daarom moet jy volhard om in 'n noue geloofsverbondenheid met Jesus te lewe.

Wanneer jy die wind erg van voor kry, onthou: God is besig om jou geloofsverhouding met Hom eg en suiwer te kry.

Sing: Skrifberyming 12-2:1 Dr. AH Grové (Emeritus)